



Plak asseblief die
strepieskode-etiket hier

PUNTE-
TOTAAL

--

INTERNASIONALE SEKONDÊRE SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2024

REKENINGKUNDE: VRAESTEL II

EKSAMENNOMMER

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

Tyd: 2 uur

100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye, 'n Inligtingsboekie van 7 bladsye (i–vii) en 'n Formuleblad van 1 bladsy (i). Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Lees die vrae noukeurig deur.
3. **Beantwoord AL die vrae op die vraestel en dien dit in aan die einde van die eksamen. Onthou om jou eksamennommer in die blokkies hierbo in te vul.**
4. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
5. Jy mag **nie** rooi of groen ink gebruik nie. **Jy mag 'n potlood gebruik, maar gebruik asseblief 'n sagte, donker potlood.**
6. Alle berekeninge moet tot **twee desimale plekke** afgerond word.
7. Die puntetoekenning en die toepaslike tyd wat vir elke vraag geneem moet word, is soos volg:

	Moontlike punte	Werklike punte	Nasiener se handtekening	Moderator se handtekening
Vraag 1: Begrotings (42 minute)	35			
Vraag 2: Maatskappyontleding (48 minute)	40			
Vraag 3: Versoenings (30 minute)	25			
TOTAAL	100			

VRAAG 1 BEGROTINGS**[35 punte; 42 minute]****Verwys na die inligting aangaande Inter Escolas Uitgewers Bpk.****1.1 Debiteure-invordering**

- 1.1.1 Bepaal die debiteure-invorderingsbeleid deur alle **relevante persentasies** te bereken. Toon jou berekeninge.

Dieselfde maand as die aankoop:
Korting: (6)
Een maand na die aankoop:
(1)
Twee maande na die aankoop:
<i>Hoef nie te bereken nie.</i>
Oninbare skuld:
(1)

- 1.1.2 Watter grootboekrekening sal Inter Escolas Uitgewers Bpk moet open om die **impak** van die debiteure wat nie betaal het nie te versag?

--

(1)

- 1.2 Gebruik die bykomende inligting wat verskaf is om die uittreksel van die Kontantbegroting en die uittreksel van die Geprojekteerde Staat van Omvattende Inkomste vir die tydperk 1 September 2024 tot 30 November 2024 te voltooi.

Let wel: Transaksies wat 'n betaling of uitgawe aandui, moet tussen hakies wees. Salarisse is vir jou ingeskryf.

	Kontantbegroting			Geprojekteerde Staat van Omvattende Inkomste		
	Sep 2024 R	Okt 2024 R	Nov 2024 R	Sep 2024 R	Okt 2024 R	Nov 2024 R
Salarisse	(300 000)	(300 000)	(327 000)	(300 000)	(300 000)	(327 000)
Aflewering-voertuig						
Waarde-vermindering						
Huurinkomste						
Reklame						
Rente op lening						
Aandelekapitaal						
Dividende betaal						

(14)

- 1.3 1.3.1 Watter AARP-beginsel is vir die meeste van die inskrywings onder die Geprojekteerde Staat van Omvattende Inkomste in Vraag 1.2 toegepas?

(1)

- 1.3.2 Die Wesenlikheidsbeginsel bepaal dat rente op lenings as 'n afsonderlike lynitem getoon moet word, selfs al word dit gekapitaliseer. Verduidelik die rede hiervoor.

(1)

- 1.4 Verwys na die "Salarisse"-reël wat in Vraag 1.2 hier bo verskaf is.

- 1.4.1 Bereken die persentasietoename op 1 November 2024.

(1)

1.4.2 Verduidelik waarom die werknemers met hierdie verhoging tevrede moet wees.

(1)

1.5 Verskaf TWEE voorstelle oor hoe Inter Escolas Uitgewers Bpk hul oninbare skuld kan verminder.

•
•

(2)

1.6 Die maatskappy beplan om 120 000 bykomende aandele in Oktober 2024 uit te reik.

1.6.1 Verduidelik die verskil tussen gemagtigde aandelekapitaal en uitgereikte aandelekapitaal.

Gemagtigde aandelekapitaal:
Uitgereikte aandelekapitaal:

(2)

1.6.2 As huidige aandeelhouer is jy ontevrede met die uitgifteprys van 1 050 sent per aandeel soos deur die direkteure voorgestel.

Verduidelik aan die direkteure waarom hierdie prys te laag is. Gebruik 'n berekening om jou antwoord te ondersteun.

Berekening:
Verduideliking:

(4)

VRAAG 2 MAATSKAPPYONTLEDING**[40 punte; 48 minute]**

Hierdie vraag bestaan uit twee dele, Deel A en Deel B, wat met mekaar verband hou.

DEEL A

Verwys na die inligting van Royal Bafokeng Platinum Limited vir hierdie deel van die vraag.

Gebruik inligting A om Vraag 2.1–2.4 te beantwoord.

2.1 Bereken die winsgrenspersentasie wat in **2022** behaal is.

--

(2)

2.2 Bereken die bruto wins op verkope- (winsgrens-) persentasie wat in **2022** behaal is.

--

(2)

2.3 Verwys na Vraag 2.1 en 2.2.

Verduidelik wat elke verhouding bereken.

• Winsgrens:
• Bruto wins op verkope:

(2)

- 2.4 Gebruik die inligting uit die "% verandering"-kolom om die veranderinge te ontleed en verduidelik dan waarom die bestuur bekommerd moet wees oor hierdie resultate.

(3)

Verwys na inligting B om Vraag 2.5 te beantwoord.

- 2.5 Waarom is dit belangrik dat 'n genoteerde maatskappy soos Royal Bafokeng Platinum Holdings Limited inligting soos uittreksel B ("Ons benadering van omgewingsbestuur") as deel van hul finansiële verslae insluit?

(2)

Gebruik inligting C om Vraag 2.6–2.7 te beantwoord.

- 2.6 Neem aan kontant en kontantekwivalente aan die einde van die 2022 finansiële jaar was R1 175 miljoen en bereken die syfer vir kontant en kontantekwivalente aan die begin van die 2022 finansiële jaar.

--

(4)

- 2.7 Gee EEN moontlike item wat onder **veranderinge in bedryfskapitaal** in kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite as 'n **uitvloei** van kontant aangedui kan word.

--

(2)

Gebruik inligting D om Vraag 2.8–2.12 te beantwoord.

2.8 Bereken die opbrengs op gemiddelde aandeelhoudersbelang vir **2022**.

(3)

2.9 Ontleed die **opbrengs** en **uitkerings en behoue inkomste** vir 2022 krities en haal syfers/verhoudings/persentasies aan om jou antwoord te ondersteun.

[illegible]

(3)

2.10 Verduidelik waarom jou ontleding in Vraag 2.9 'n **aandeelhouer** sal beïndruk.

(2)

2.11 Ontleed die **risiko** en **hefboomwerking** vir 2022.

(4)

2.12 Bespreek TWEE redes waarom die verkryging van 'n bykomende lening die beste keuse is en TWEE redes waarom die uitreiking van verdere aandele nie die beste keuse sal wees nie indien die maatskappy bykomende befondsing vir uitbreiding benodig.

Waarom die verkryging van 'n bykomende lening die beste keuse is:
•
•
Waarom die uitreiking van verdere aandele <u>nie</u> die beste keuse is nie:
•
•

(4)

DEEL B**Gebruik inligting E om vraag 2.13 te beantwoord.**

- 2.13 Gebruik die vergelykende inligting wat verskaf is om die maatskappy te kies waarin jy eerder sal belê en bespreek VYF redes vir jou keuse. Gebruik syfers om jou redenasie te motiveer.

☐

Northam Platinum Holdings Ltd

☐

Royal Bafokeng Platinum Ltd

•
•
•
•
•

(5)

40

VRAAG 3 VERSOENINGS**[25 punte; 30 minute]****Verwys na die inligting aangaande Swakopmund Winkels.**

3.1 Gebruik die staat van Windhoek Groothandelaars om die ouderdomsontleding van debiteure op te stel soos dit op die staat moes verskyn het.

- Moenie die bykomende inligting in ag neem nie.
- Toon alle berekeninge sodat gedeeltelike punte toegeken kan word.

90+ dae	60+ dae	30+ dae	Huidig
Moenie optel nie			

(10)

3.2 Gebruik die bykomende inligting wat verskaf is om die Krediteureversoeningstaat op 31 Mei 2023 op te stel deur die toepaslike inskrywings in die tabel hieronder te maak.

- Dui 'n negatiewe bedrag aan deur hakies () te gebruik.
- Plaas 'n "X" in die "Geen inskrywing"-kolom waar geen inskrywing in enigeen van die stelle boeke nodig is nie.

	Krediteure-grootboek	Krediteure-versoeningstaat	Geen inskrywing
Foutiewe saldo's	R107 330	R127 880	
A.			
B.			
C.			
D.			
E1.			
E2.			
F.			
Moenie bereken nie			

(8)

3.3 Die algemene bestuurder van Swakopmund Winkels is baie bekommerd oor die betaling van R20 000 (verwys na bykomende inligting C) wat nie op die staat weerspieël word nie en wil 'n ouditeur aanstel om dit te ondersoek. Hy raadpleeg jou om advies oor die saak.

3.3.1 Verduidelik die verskil in die werkomvang van 'n interne ouditeur en 'n eksterne ouditeur.

Interne ouditeur:
Eksterne ouditeur:

(2)

3.3.2 Die interne ouditeur doen direk verslag aan die bestuur van die onderneming wat uit uitvoerende direkteure bestaan, terwyl die eksterne ouditeur verslag doen aan die ouditkomitee wat uit onafhanklike direkteure bestaan.

Evalueer die effektiwiteit van hierdie verslagdoeningslyne.

Interne ouditeur:
Eksterne ouditeur:

(2)

3.3.3 Verduidelik aan die bestuurder waarom dit nie nodig is om bekommerd te wees oor die betaling wat nie op die staat weerspieël word nie en waarom dit normaal is.

(1)

- 3.3.4 Noem EEN tipe ouditbewys wat die interne ouditeur kan insamel om die akkuraatheid en geldigheid van 'n kaarttransaksie na te gaan, sowel as waarteen die interne ouditeur dit sal nagaan.

Ouditbewys:
Verifieer teen:

(2)

25

Totaal: 100 punte